FOKUS OP SA SUIWEL-**SWITSER**

Voor lei dr Anton Smit, voorsitter van die SA Suiwel-Switser-Telersgenootskap, vir Alsreg Sam's Jemima by 'n Nampo-oesdag rasvertoning

Kruisteling-inspuiting vir moeë kuddes

Anton Smit, president SA Suiwel-Switser-Telersgenootskap

Wat hou die toekoms in vir 'n relatief klein suiwelras soos die Suid-Afrikaanse Suiwel-Switser? Die ironie is dat huidige tendense en verwikkelinge in die suiwelbedryf 'n groot vraag skep na die eienskappe waarin die Suiwel-Switser sterk is.

Boere met weidinggebaseerde kuddes soek 'n sterk, mediumraamkoei met kapasiteit, goeie vrugbaarheid, sterk kloue en bene, wat ruvoer kan omskakel in hoëkwaliteitmelk.

Die sogenaamde Nieu-Seelandse stelsel het baie opgang gemaak maar die Jersey x Holstein-koei wat algemeen in hierdie stelsel gebruik word, het een groot tekortkoming en dit is haar gebrek aan langslewendheid.

Suksesvolle kruisteling is 'n presiese wetenskap en nie 'n onbeplande kombinasie van verskillende rasse nie. Om die maksimum effek van heterose te verkry, moet die oorerflikheid van gekose eienskappe in die eerstegenerasiekruising maksimaal benut word.

Interessante verwikkelinge in die VSA en Europa is dat al hoe meer Holstein-kuddes gebruik maak van kruisteling met Suiwel-Switsers in 'n poging om vrugbaarheid, langslewendheid en verskeie ander fiksheidseienskappe te verbeter.

In die VSA, Nederland en Noord-Duitsland word baie navorsing met positiewe resultate gedoen rondom hierdie konsep. Tweerigting- en drierigtingkruisings sowel as terugkruisings word met mekaar vergelyk. Naas die suiwer Suiwel-Switsers is die Suiwel-Switserskruisings, hetsy F1 of F2, die diere wat die beste presteer rakende fiksheidseienskappe, produksie, proteïeninhoud en langslewendheid.

Dit is hier waar ons die grootste potensiaal vir die Suiwel-Switser sien. Aangesien suiwer Suiwel-Switsers skaars en in groot aanvraag is, is die naasbeste opsie gestruktureerde kruisteling daarmee.

Die eienskappe wat die Suiwel-Switser die mees geskikte kandidaat vir kruisteling maak, is sy uitstaande sterk kloue en bene, langslewendheid, vrugbaarheid, middelstuk, uiereienskappe, aanpasbaarheid, proteïenpersentasie en melkgehalte. Dit is juis dié eienskappe wat ons in ander suiwelrasse wil verbeter om 'n meer funksionele, langslewende koei te vestig.

> "Suksesvolle kruisteling is 'n presiese wetenskap en nie 'n onbeplande kombinasie van verskillende rasse nie"

'n Ander belangrike aspek om in gedagte te hou, is dat die Suiwel-Switser 'n erkende suiwelras is met 'n groot internasionale genetiese basis. Praktiese ondervinding in Suid-Afrika stem ooreen met internasionale navorsing en toon dat Suiwel-Switser-kruisteling met ander suiwelrasse baie funksionele, langslewende koeie oplewer, met goeie produksiesyfers en vastestowwe.

Die Suiwel-Switser is in die verlede nie baie sterk bemark vir kruisteeldoeleiendes nie, hoofsaaklik omdat suiwer rasteling tradisioneel in Suid-Afrika as die enigste opsie voorgehou is.

Die SA Suiwel-Switser-Telersgenootskap benadruk dat kruisteling slegs vrugte afwerp as dit gestruktureerd plaasvind. Die gebruik van goeie genetika met betroubare prestasietoetsdata is deurslaggewend vir die sukses van kruisteling.

Lank lewe die **Suiwel-Switser**

deur Liza Burger

As daar oor die Suiwel-Switser gepraat word, is die langslewendheideienskap sekerlik een van die indrukwekkendste syfers waarop 'n mens kan fokus.

Kyk 'n mens na die prestasie van die wêreldklaskoei, Studach's Regal Morchel, wat vanjaar op 23-jarige ouderdom in Switserland dood is, is dit meer as bewys dat die Suiwel-Switser 'n melkras is vir boere met langtermynplanne.

Morchel het in haar leeftyd die titel as die wêreldrekordhouer vir leeftydproduksie verwerf nadat sy 197 000 kg melk in laktasies van 6 994 dae gelewer het. Haar gemiddelde daaglikse produksie was dus 28,17 kg met gemiddelde vastestowwe-syfers van 3,44% bottervet en 3,44% proteïen.

Op eie bodem, is Alsreg Sam's Jemima een van Suid-Afrika se toppresteerders. Hierdie Suiwel-Switser van Boebie en Annerie van Rensburg is nou 12 jaar oud en het al meer as 90 000 *l* melk geproduseer. Van haar tien kalwers was sewe verse. Verder het hierdie ouma, wat reeds weer dragtig is, ook al 17 kleindogters.

Jemima was ook al 'n nasionale skoukampioen op haar tyd en kan daarmee spog dat sy nog nooit met mastitis gediagnoseer is nie.

Met 'n uier wat eenvoudig hou en hou en hou, 'n stewige raam, sterk pote en bene, is die Suiwel-Switser een van die onontdekte juwele in die Suid-Afrikaanse melkbedryf.

Moet ook nie dat die Switserse herkoms van hierdie ras jou laat dink aan 'n pieperige dier wat nie die plaaslike omgewing en klimaat sal kan baasraak nie. Die Suid-Afrikaanse Suiwel-Switsers het, sedert hul eerste bekendstelling aan Suid-Afrika, in die afgelope eeu besonder goed aangepas.

Haar donker kloue sorg dat hierdie koei nie maklik pootprobleme ervaar nie. Ruvoeromset in melk met 'n hoë vastestofinhoud maak die melk van die SA Suiwel-Switser veral gewild vir kaasproduksie.

Die donker pigment van die vel, asook om die neus en oë help om die hitte beter te hanteer en stewige uieraanhegtings help om haar vir jare 'n produktiewe deel van enige kudde te maak.

Top-Suiwel-Switser-laktasies

Volgens syfers van die LNR Diereverbeteringsinstituut (September 2008 tot Augustus 2009) het 14 koeie in 'n groep wat drie keer op 'n dag gemelk word, wat al meer as 11 000 kg melk geproduseer. Ja-Hen-Pha Collection Mollie in haar vierde en Ja-Hen-Pha Jetway Emerald Hannie in haar sesde laktasie, is die toppresteerders hier.

In die groep wat twee keer per dag gemelk word, is daar 12 koeie wat reeds meer as 9 000 kg melk geproduseer het. Die 2009/2010-syfers is nog nie vrygestel nie, maar volgens die syfers van 2008/2009 is Milagro Brenda 1051 eerste op hierdie lys met 'n produksiesyfer van 11 872 kg melk na ses kalwings.

Milargro Inga 2110 is tweede met 11 490 kg melk na drie kalwings en 'n gemiddelde bottervet-inhoud van 4,14%. Sy is ook eerste wat betref die hoeveelheid proteïen geproduseer, op 367 kg ('n gemiddelde inhoud van 3,19%).

Die hoogste gemiddelde proteïen-inhoud onder die toptienkoeie (wat twee keer per dag gemelk word) is gemeet by Fyn-Goud Roset Belinda 2, met 'n gemiddelde proteïen-inhoud van 3,65% en 'n totale proteïenproduksie van 338 kg vir haar vyfde laktasie.

Vir meer inligting oor die top-50-laktasies, of om meer uit te vind oor die SA Suiwel-Switser-Telersgenootskap, gaan na *www.studbook.co.za/Society/swiss* of skakel 051 410 0953.

Kontakte

SA Suiwel-Switser-Telersgenootskap

Tel 051 410 0953
Faks 015 448 4220
e-pos swiss@studbook.co.za
Webwerf *www.studbook.co.za/society/swiss/index.html*

SA Suiwel-Switser-Raad

President: Dr Anton Smit
Tel 018 571 0337
Faks 018 571 0328
Sel 083 702 2789
vet@netactive.co.za

Vise-president: Hennie Kotzé
Tel 017 793 3720
Faks 017 793 3721
Sel 082 804 1780
jhgkotze@intekom.co.za

Frans Rosslee
Tel 016 342 1008
Faks 016 342 1008
Sel 072 100 7210
0721007210@vodamail.co.za

Jane Cronjé
Sel: 082 494 1045
Tel: 013 935 7118
0824941045@elitemail.co.za

LNR verteenwoordiger

Rampie de Wet
LNR Diereverbeteringsinstituut, Bloemfontein
Tel 051 447 5629
Faks 051 447 6179
Sel 083 631 6040
RdeWet@arc.agric.za TDM